

Bou jou geloof op deur sy Gees!

Indien jy 'n stewige gebou wil oprig, moet jou fondasie reg wees. 'n Huis sonder 'n fondasie het geen vastigheid nie. So is dit ook met geloof. Indien jy 'n sterk geloof wil hê, moet jy dit bou op 'n vaste fondasie. Die enigste fondasie waarop jy jou geloof kan bou, is die Woord van God. In die Woord leer die Here ons hoe ons moet glo en wat ons moet glo.

Nooit kan ons dit egter in eie krag doen nie. Ons kan dit alleen doen met die krag en die hulp van die Heilige Gees! Daarom sê Judas dat ons moet bid deur die krag van die Heilige Gees. Wanneer jy so bid, is jy onder sy invloed en leiding en bid jy altyd volgens dit wat God sê in sy Woord. Die Heilige Gees is nie net die skrywer nie, maar ook die verklaarder van die Woord.

Wil jy groei in die geloof? Begin dan vandag om jou geloof op te bou met die hulp van die Heilige Gees en die Woord. Om te bou, is harde werk. Dit moet elke dag met selfdiscipline gedoen word. Lees en bestudeer die Woord van God, oordink dit en pas dit toe in jou lewe, want dan verrys 'n pragtige gebou in jou lewe, met 'n stewige, vaste fondasie, en jy groei op in die allerheiligste geloof. Ja, dan word jou hele lewe 'n lewe uit die geloof en word elke daad 'n geloofsdaad, 'n offer tot eer aan God!

Sing: Psalm 18:14

Ds Peet van der Walt (Ladybrand/Tweespruit)